# KOM HUISTOE-NUUSBRIEF

## Nommer 35 - Januarie 2007

**Liewe Lesers – Voorspoedige Nuwejaar!**

Soos gebruiklik, begin ons met die noodsaaklike herhalings ... Hierdie is die gratis nuusbrief van die Kom Huistoe-Veldtog van AfriForum vir alle Suid-Afrikaners wat na Suid-Afrika wil terugkeer, reeds terug is of besig is om terug te keer. Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die e-pos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Die nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons die medewerkers en adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie. Lewer asseblief ook kommentaar op hulle dienslewering.

Die jaar het op 'n drafstappie begin. Onthou dat ons die nuusbrief saamstel volgens julle behoeftes – voorstelle help ons om dit, en ons **splinternuwe** webwerf (**www.komhuistoe.co.za**) aktueel en nuttig te hou. Hiermee dan die maand se nuus.

### www.komhuistoe.co.za

Ons webwerf is pas opdateer – gaan loer gerus by **www.komhuistoe.co.za** of **www.comehome.co.za** – en ons het pas 'n nuwe blad op die web begin waar mense hulle stories oor emigrasie met almal kan deel. Ons sien nie kans vir 'n "chat-room" nie, want daar is maar redelik baie vreemde mense op die aardbol en ons het nie die tyd of personeel om 'n "chat-room" te monitor nie. As julle briewe of selfs foto's vir ons stuur, kan ons dit wel oplaai. Dink julle dit is die moeite werd om te emigreer of terug te keer? Waarvan hou julle of hou julle nie in Suid-Afrika of in die land waar julle tans bly nie? Stem julle saam met ons kommentaar oor migrasie op die webblad? Skryf sommer vandag nog vir ons asseblief!

### SPESIALE AANBOD!

**Kakkerlak** is 'n volbloed Afrikaanse tydskrif. Dit verskyn kwartaalliks en is 'n pure lekkerte – boonop is hierdie volkleur tydskrif klein genoeg om in jou handsak te pas. Lees hierin meer oor Afrikaanse boeke, skrywers, kuns, kultuur, geskiedenis, taalwenke, projekte, ons pragtige spreekwoorde (waarvan sommiges geïllustreer is), skryfwenke deur gevestigde skrywers, boekwenke en verskeie kompetisies. Ons besoek ook elke kwartaal een van ons land se mooi dorpe en vind dan uit wat die inwoners en kunstenaars in daardie kontrei als doen en speur ook die geskiedenis van die dorp na. Werklik 'n eg Afrikaanse produk! Kakkerlak het pas twee jaar oud geword. Ons kondig ook binnekort die 1000ste intekenaar aan – die getal word opgemaak deur intekenaars versprei oor die ganse aardbol! Die tydskrif word verkoop by meer as 400 handelaars landswyd, sowel as in Namibië. Vorige kopieë van hierdie versamelaarsitem is nog beskikbaar, alhoewel die eerste uitgawe (waarvan net 10 000 gedruk is) byna uitverkoop is!! Kakkerlak kos R20-00 per uitgawe (binnelands – posgeld ingesluit) of R30-00 (buitelands – posgeld ingesluit). U kan ook die volledige stel van uitgawes 1 tot 6 bekom teen die spesiale prys van **R95 (binnelands) of R155 (buitelands)** tot 15 Februarie 2006. Vir meer inligting oor die

tydskrif asook tweedehandse boeke wat te koop aangebied word, kan u op ons webtuiste gaan kuier (**www.kakkerlak.co.za**) of ons skakel by 0027-11-7664015 of 0027-83-2340245.

Voornemende intekenaars kan vir Ansie Hattingh skakel by 0027-11-4758156 of 0027-82-9266669, of u kan 'n e-pos stuur aan **kakkerlak@mweb.co.za**. Ons het reeds heelwat oorsese intekenaars. Indien u as handelaar ook hierdie uitmuntende tydskrif wil verkoop, kontak gerus ons verspreider, Pieter van Rensburg, by 0027-83-4557547.

**Kakkerlak,**
**want jy raak nie daarvan ontslae nie ...**
**en ook nie van Afrikaans nie!**

## DRINGEND: DOKTERS GESOEK

♦ **Kimberley**

Kimberley Medi-Clinic het praktyk geleenthede vir spesialiste wat belangstel om terug te keer na Suid-Afrika. Indien u belangstel, kontak Yvette by **yvette.breytenbach@mediclinic.co.za** of 0027-83-6427123.

♦ **Port Shepstone**

Hibiscus Hospitaal in Port Shepstone is dringend op soek na dokters ("physicians"). Dit is 'n privaat hospitaal. Kontak vir Elsie by **elsie@hibiscushospital.co.za** of 0027-39-6824882.

## KERKNUUS UIT AUSTRALIË

Adriaan laat weet: "Nog 'n mylpaal in Australië – ons het begin om dienste te hou op die platteland. Daar het soveel meer mense hierheen geëmigreer, dat ons nou 'n leraar uitstuur om hulle te bedien. Die Perth Afrikaanse Gereformeerde Kerk is nou die grootste gereformeerde gemeente in Wes-Australië. Ons is die enigste kerk wat alle eredienste en Sondagskool in Afrikaans aanbied. Desember het byna 100 gesinne hier in Perth uit Suid-Afrika aangekom, en Januarie, lyk my, gaan 100 verbygesteek word. Besonderhede oor die kerk is beskikbaar van **ds.gawie@parc.org.au** of **www.parc.org.au**.

Terloops, in Australië kry 'n plaasboer permanente verblyfreg as hy twee jaar op kontrak vir 'n boer in Australië kom werk. Daarna kan hy sy eie plaas bekom, met 'n staatsubsidie. Baie graan- en wynboere maak van die geleentheid gebruik. Groete uit Australië!"

## KOOP SUID-AFRIKAANS

Extensive lines of gorgeous South African tabletop and giftware items available to order at wholesale price points for businesses at **www.moloafricaimports.com**. Site also includes a retail section for smaller purchases. View these stunning handmade product lines online today at **www.moloafricaimports.com**. Sourcing for additional unique product lines available.

## SPESIAAL VIR KINDERS!

Gaan kuier op Storiewerf (**www.storiewerf.co.za**), die webtuiste vir kinder- en jeugboeke. Ontdek nuwe boeke, kuier by skrywers, skryf stories en versies, lees lusmakerbrokkies, gril in die grilgrot, vertel van gawe boeke, ensovoorts. Die afdeling "Verinniewêreld" is spesiaal vir kinders wat in die buiteland bly om van hulle nuwe wêreld te vertel. Skryf en vertel hoe dit met jou gaan!

Storiewerf is vanjaar 7 jaar oud en is die inisiatief van die jeugboekskrywer Franci Greyling wat ook die webtuiste in stand hou.

## MEDIESE FONDSE

'n Leser in Australië het onlangs vir Ronell Kruger, ons meewerkende konsultant, die volgende moeilike vraag gevra: "Ek hoop jy kan help. Ek keer terug na Suid-Afrika in Maart 2007, maar het ongelukkig my knie in Desember 2006 beseer (ligament geskeur). Die spesialis hier in Australië dink ek sal binnekort 'n sjirurgiese rekonstruksie benodig. My vraag is of 'n fonds in Suid-Afrika hierdie operasie sal dek en indien 'n wagtyd sal geld, hoe lank dit sal wees?"

**Ronell antwoord**: "Gewoonlik sal 'n minimum wagtyd van 3 maande geld, maar 'n fonds mag selfs 'n langer tyd bepaal. Hier bestaan die kans dat die fonds(e) die spesifieke toestand vir tot 12 maande mag uitsluit! Ongelukkig kan ek nie oor die 12 maande 'n duidelike uitslag gee nie, maar volgens wet is die fondse geregtig daarop – en pas hulle dit gewoonlik toe ook. Fondse het ook begin om vir sekere operasies (wat onder meer ook alle gewrigsoperasies insluit) te verwag dat die lid die eerste R2 000 of meer (dit verskil van fonds tot fonds) self sal betaal. Dus sal jy beslis eers na 'n periode van 3 maande kan verwag om hulp te kry, en dan sal jy in die geval van 'n operasie aanspreeklik wees vir 'n groot gedeelte van die koste. Ek weet nie hoe dringend nodig die operasie is nie, maar as dit baie dringend is, moet jy eerder oorweeg om dit waar jy nou is te laat doen. Sterkte vir jou!"

Nog vrae aan Ronell is altyd welkom. Stuur dit aan ons by **alana@solidariteit.co.za**.

## INLIGTING OOR PADTOESTANDE IN SUID-AFRIKA

Vir die jongste inligting in die verband, loer in by **www.arrivealive.co.za**.

Meer inligting oor die webwerf en die merkwaardige man wat dit sonder Staatsbefondsing begin het, is beskikbaar van:
**http://www.southafrica.info/public_services/citizens/arrivealive.htm** en
**http://www.sagoodnews.co.za/search/tourism/527192.htm**.

## GOEDKOPER VLUGTE TUSSEN AUSTRALASIË EN SUID-AFRIKA

Inligting hieroor is steeds beskikbaar van Delia en Evert van Dijk by **deliag@slingshot.co.nz** of 0064-9-5701490.

## VERSOEK

Wenke oor goedkoop vlugte en bagasieversending is altyd welkom – as julle meer hieroor weet, stuur die inligting aan ons by **alana@solidariteit.co.za** asseblief, en ons plaas dit in die volgende nuusbrief. Dit geld ook vir wenke oor die versending van troeteldiere.

## NUUS VAN TELKOM SA

Vanaf middernag op 16 Januarie 2007 moet Suid-Afrikaners ook vir plaaslike landlynnommers die areakodes skakel (met ander woorde 'n 10-syfer nommer). Vir internasionale oproepe is die 09-kode na 00 verander. Die Suid-Afrikaanse internasionale nommergids sal voortaan van die

nommer 10903 beskikbaar wees. Sorg asseblief dat julle familie in Suid-Afrika hiervan weet, sodat julle nie onnodig kontak verloor nie.

## NAVRAAG OOR BUITELANDSE EGGENOTE

Steve het die volgende kommentaar aan ons gestuur: "Just a request: Could we have more information and updates about getting foreign partners to come to South Africa in the emails. This seems to be a key problem as non-South African partners have a long wait, even if they are married to a South African person, before they can legally work over there. This is mostly due to the long time it takes to approve permanent residence. In the UK we have a same day service, where, if all our papers are in order, we can begin working right away. Yes they do charge about £500 for this service, but it is money well spent and would easily pay for the staff needed to perform the quicker residence checks. I would have thought that the South African government would help non-South African partners to be able to work much quicker if they are trying to attract skilled workers and managers back into the country. And surely a high once off payment for a quick service would not only help non-South African partners to pay tax earlier (more money for the government), while they would also be making money from the fee itself."

Ons antwoord: "Dear Steve, thank you so much for the email. On the one hand there is no denying that the South African Department of Home Affairs is understaffed, has a huge problem with corruption and has reached an all time low in terms of service delivery in 2006. For this reason we also laid a charge against them with the Public Protector which is currently being investigated. Personally we are still dealing with 9 applications for permanent residency dating back to 2003 – all of highly qualified people who definitely qualify for the status, but the Department just never processed their applications. Seven of them are spouses of South Africans. Parliament also ordered the Minister to pay urgent attention to this issue, and a slight improvement became visible for a few months, but the Christmas slump started in November and currently the telephones of the offices I deal with, have not been answered once during the past 3 weeks. In 2007 we will continue applying pressure to the Department via the media and public offices such as that of the Public Protector.

Secondly there is a problem that spousal permits have been exploited by many people for illegal immigration purposes. Since legislation was introduced that people have to be married or in a life-partnership for 5 years before being allowed to apply for permanent residence, applications for permanent residence decreased by several thousands. Marriages of convenience was used by people to gain access to South Africa (often from politically unstable or economically strapped countries, or by people in the sex and drug trades) and the Department had to do something to make it harder for these people to pay needy South Africans to marry them, or steal ID-books of citizens and forge marriage certificates. We find it deplorable though that the only way they could think of to control the matter, was by making it very hard and unpleasant for legal spouses to live in South Africa too. There must be an easier way!

While waiting for a permanent residence permit, a foreign spouse may apply for a work permit and we know that it is very rarely refused, so at least it is possible for temporary resident spouses to work. Such applications are also free of charge."

## EIENDOMSNUUS

Besoek **www.realty-1.co.za** vir praktiese antwoorde op al jou eiendomsvrae en teken ook op Realty-1 se bondige maandelikse nuusbrief in.

## POSTE VIR FINANSIËLE ADVISEURS BY OU MUTUAL

Jannie Heymans van **Ou Mutual** (Hatfield, Pretoria) is deurlopend op soek na mense wat 'n beroep as Finansiële Adviseur oorweeg. Mense wat belangstel, kan 'n CV aan hom besorg:

Per hand: Jannie Heymans, Ou Mutual Hatfieldtak, Pencardia 1, Tweede vloer, Pretoriusstraat 509, Arcadia, Pretoria;
Per pos: J.G. Heymans, Ou Mutual Hatfieldtak, Posbus 5, Pretoria, 0001, SA;
Per faks: "Vir aandag : Jannie Heymans" – 0027-12-4835325;
Per e-pos: **jheymans@oldmutual.com**.

## OORDENKING VIR ALLE LESERS

Hierdie maand het ons geen oordenking ontvang nie en ons versoek asseblief weer alle predikante wat ons nuusbrief lees om asseblief vir ons 'n bydrae te stuur.

Tweedens vra ons u insette oor gemeentes in die buiteland. Stuur asseblief aan ons inligting oor kontakbesonderhede.

Derdens **vir alle lesers van alle gelowe** – maak dit julle nuwejaarsvoorneme om julle sake so gou as moontlik in orde te kry. Veral as jy afhanklikes het, MOET jy 'n testament hê en dit MOET op datum wees. Omtrent alle lesers van die nuusbrief het bates in meer as een land. Weet jy watter erfreg- en boedelbelastingbepalings daarop van toepassing gaan wees? Is voogde vir minderjarige kinders aangewys, is daar geld vir die kinders om by die voogde besorg te word in geval beide ouers sou sterf en is die voogde regtig bereid om die kinders in te neem? Wie gaan jou troeteldiere versorg in geval van nood of sterfte? Raadpleeg kundiges en kry hierdie sake in orde – dit is nie besonder aangenaam nie, maar daar is geen waarborg aan die toekoms verbonde nie en hoe gouer 'n mens dit afhandel, hoe beter.

## GROETE

Sjoe, dit is 'n ernstige noot om op af te sluit ... Op 'n ligter trant wens ons julle baie pret, plesier, liefde, geluk, sukses en voorspoed in 2007 toe. En as julle ryk en beroemd raak, onthou van ons asseblief!

Met mooiste wense uit warm Pretoria

*Alana & kollegas*
*AfriForum*
[www.komhuistoe.co.za / alana@solidariteit.co.za]